
Die Wes-Kaapse Veteraan-trekker-en-enjinklub

Gestig 1992

September 2023 Nuusbrief No. 96

INHOUD

Wes-Kaapse Skou op Hartenbos	2
James Williams se perderat	4
Vintage JAP engine & applications	5
Perdekrag	7
Ons EERC-vasbyters	8
Al gehoor van die Little Oak?	9
Die veelsydige Andy Selfe	10
Nuusbrokkies	11
Allerhande Admin	12



Van toeka tot nou — WES-KAAP SE SUKSESVOLLE SKOU IN HARTENBOS

Eers was dit George, toe 'n privaat plek in Hartenbos genaamd Hart & Bosch, en toe die ATKV-terrein in Hartenbos. Kobus Kuyler moes omtrent toer voor hy op die ideale plek beland het. Maar in die laaste weke voor die skou het hy nie getoer nie, hy het gespartel. Sy mede organiserders was baie goed, maar net baie min...

See toe.'n Groep skougangers het van die skouterrein reg langs die see 'n ent al langs die see gaan ry om hulle op 'n ander plek reg langs die see te laat kiek.









Die skoutema — van toeka tot nou — soos dit geadverteer is, het geen twyfel gelaat waaroor dié eerste skou in die Mosselbaai-omgewing gaan nie. Die mense het verstaan en opgedaag en was verras. En as die tema 'n wenner was, was die terrein 'n ewe groot wenner wat deur die organiseerders, deelnemers en besoekers geniet is. Dankie ATKV!

Behalwe die goeie verskeidenheid erfgoed het die 109 trekkers en ongeveer 30 stilstaande enjins, die talle demonstrasies en aangename gees wat geheers het die talle besoekers 'n goeie idee gegee wat die Wes-Kaapse klub kan aanbied.

'n ware veteranefees

Kobus Kuyler, die Wes-Kaapse sekretaris op wie se skouers die organisasie gerus het, het groot lof vir alle deelnemers. Hy weet watter rol persoonlike koste by deelnemers speel, maar ten spyte daarvan het die Wes-Kaapse takvoorsitters (van kleinklubs) hul manne gemotiveer om saam te span sodat van die Swartland, Villiersdorp, Langeberg, en Tafelberg af lede met hul versamelstukke gekom het. En soos gewoonlik het PG Viljoen, sy kinders en kleinkinders met hul versameling die skou gekomplementeer. Kobus Groenewald het met sy sewe nasionale wentrekkers die besoekers gewys hoe gehalte restouraie lyk. En alles natuurlik saam met die Suid-Kapenaars en die Saterdag nog die plaaslike oumotorklub ook.

Inskrywings vir beoordeling was daar min. Hannes Basson (1) het 'n eersteprys vir sy Lister D en boor gekry. Ander pryswenners was Johan de Vos (2) Lister A (petrol) en Josua Coetzee (3) Massey-Ferguson 135.



Die groot getal besoekers aan die skou-terrein is deur twee goed bewaarde, eeu oue veterane destyds deur Henry Ford se fabrieke begroet.



Kobus Groenewald demonstreer aan die verbaasde Mosselbaai-burgemeester (mnr. Kotze) hoe ’n Field Marshall met ’n hamerslag aan die gang gesit word.



https://youtu.be/b-fsDcngtyg

Herman en Ansa Giliomee se kleinkinders het lewe aan die enjin-uitstalling gegee met hul gerestoureerde enjins met waterpompe.

Ons het min foto’s oor die skou ontvang. Gelukkig het Ansa Giliomee moeite gedoen om filmpies te maak, wat Cordré Smith weer op youtube geplaas het sodat almal kan sien wat aangegaan het.



Onder meer het die Tafelberg-klub en James Williams vir ’n indrukwekkende versameling Erfgoed gesorg.

https://youtu.be/oh236Y-lXjc

https://youtu.be/4RINQmv6_f0

Baie dankie aan almal wat met groot moeite en koste ’n bydrae gemaak het om ’n Wes-Kaapse verskeidenheid en gehalte aan die besoekers te bied.

klompie van die stilstaande enjins https://youtu.be/qlYmXHiXyXs

o.m. Suid-Kaap se inskrywings https://youtu.be/9-HOE5KvIg8

o.m. P.G. Viljoen & Kie. https://youtu.be/uitzVulfFt8

Swartland en Villiersdorp se bydrae https://youtu.be/kNyeQTtk7ns

Kobus Groenewald: nasionale wenners https://www.youtube.com/watch?v=jU36EFmjQLA

Is James Williams van Oudtshoorn dalk die Wes-Kaap se “erfgoedkoning”?



James maak nie net bymekaar nie; hy herstel ook. Hy sê hy huiwer tussen opgaar en bewaar, want hy kan ’n “ou ding” maar net nie uitlos nie. Baie van die ougoed wat hy bekom, word gerestoureer, maar nie alles nie, vandaar sy effense onsekerheid.

Seker die mees besondere plaasimplement in sy versameling is die Walter Thomas voerkerwer, aangedryf deur ’n Walter Thomas perderat. Dié implemente is in Reading, Engeland vervaardig, maar Thomas, handelaar op Oudtshoorn tydens die volstruisveer-“boom” aan die begin van die twintigste eeu, het sy naam in die gietstukke laat aanbring. Op hierdie implemente verskyn dus die naam, Walter Thomas, Oudtshoorn. Ryk volstruisboere het dit so verkies.



Byeboer wat hy is, gaan hy baie in die distrik rond, en as hy iets bewarenswaardig sien, maak hy ’n plan om dié item te bekom. So het hy eendag die perderat wat hy op die skou op Hartenbos gedemonstreer het op ’n plaas gesien en besef watter waardevolle stuk landbougeskiedenis dit is.



Die rat self en die een aandryfstaaf het hy naastenby onder die grond moes uitgrawe.

James het ’n honneursgraad in natuurbewaring aan Tukkies behaal. Nadat hy 17 jaar as ekoloog in diens van die (ou) Transvaal Natuurbewaring ons natuurlike erfenis help bewaar het, bewaar hy nou ons kulturele erfenis op ’n uitnemende manier op Oudtshoorn. Hy het vir vier jaar aan ’n universiteit formeel gestudeer om ons natuurlike erfenis te bewaar, maar het homself geleer om ons kulturele erfenis te bewaar.



Https://www.youtube.com/watch?v=hYB-B66uyDM Die perderat op Oudtshoorn

STATIONARY ENGINES




1903 JAP motorcycle

https://youtu.be/ellDea8CzkI **really old**
https://youtu.be/8XLAbObqgmU **speedway**
https://youtu.be/XY1_G4tQRHI **racing car**

John Alfred Prestwich was an English engineer, designer, and businessman. He is famous for a number of his designs, but mostly for classic motorcycle engines.

The company, J.A. Prestwich Ltd., was founded in 1895 when Prestwich was in his early 20s and continued in the production of various components until 1963. The company specialized in precision engineering which led to the development of their first motorcycles—including their own J.A.P. engines. Complete machines were manufactured between 1904 and 1908.

The first motorcycle engine developed and sold by J.A.P. was a 293-cc unit produced in 1903 which was used by the Triumph company for their motorcycles.




Notable Customers

Although his engines powered motorcycles of his own design for a short time, they earned a reputation for power and reliability needed by other manufacturers. Customers for the J.A.P. engines came, not just from motorcycle manufacturers, but aircraft manufacturers and industrial companies, too. Their engines could, therefore, be found in everything from motorcycles to light rail maintenance trucks.



J.A.P. engines were also exported to many countries including the France, Germany and Australia.

Customers from the motorcycle manufacturing industry included Brough Superior Cotton, Excelsior, Triumph, HRD and Matchless.



Engines of Note

Two engines stand out from the many produced by J.A.P. because of their contribution to motoring in general and motorcycling in particular. The first is the V-Twin which was manufactured in various capacities from 1905. The V-twin was used in their own motorcycles from 1906.

The main advantages of the J.A.P. V-twin engines were their excellent power to weight ratio and reliability. Although important to motorcycle manufacturers, these attributes were seen as critical to aircraft manufacturers, many of whom used J.A.P. engines.

For motorcycle use, the V-twin engine had another attribute: narrowness. With the obvious need to lean a motorcycle over for cornering, the narrower engines were ideal for giving more ground clearance.

Unique Applications

One of the most popular motorcycle sports in the UK and Australia was Speedway, which along with grass track racing was dominated for many years by J.A.P. engines and, in fact, records show J.A.P. engines were still being used in the ’60s.

Stationary Engines

The versatility of J.A.P. engine design can be seen in their stationary engines, which have powered a wide array of industrial equipment such as generators, rotavator, water pumps, milking machines, hay lifts and numerous machines in the agricultural industry.


During World War II, the company supplied close to one-quarter of a million petrol powered engines in addition to millions of aircraft parts.



https://youtu.be/b-VbSiZ5OWM

https://youtu.be/ERtNQRs4Dno





1915 V-twin JAP

The **Wickham trolley** was a railway personnel carrier built by D. Wickham & Co of Hertfordshire, and equipped with a V-twin J.A.P. engine. This long established firm introduced their rail trolley in 1922 as a lightweight track inspection and maintenance vehicle. This was a success and production of rail trolleys for inspection and maintenance continued until 1990.


https://youtu.be/xn2AZ1_stDw trolly restoration




Perdekrag 1 perdekrag = 745.7 watt

Die begrip perdekrag as 'n eenheid van meting het sy ontstaan in die 18de eeu by James Watt gehad toe hy die krag van stoomenjins (die nuwigheid) met die krag van perde (wat almal geken het) vergelyk het.

Een perdekrag is die krag wat nodig is om 550 lb 1 vt. in 1 sekonde te beweeg (33000lb in 1 minuut).




Interessante maniere om perdekrag aan te wend.




Perd dryf water-pomp aan.

Hooihyser d.m.v. perderat aange-dryf.







In vroeërdae is 'n "pit horse" gebruik om die gemynde steenkool (en seker die myn-werkers ook) op te trek.



https://youtu.be/OrqVqwG2ZP0

Lem deur perd se krag aange-dryf sny plante. (Australië & Nieu-Seeland)



WES-KAAP SE EERC-VASBYTERS

Net ’n ernstige, opregte mentor en toegewyde deelnemers sal weet wat deelname aan die EERC behels. As jy dit reg aanpak en volgens die reëls deelneem, kom jy gou agter die EERC is nie speletjies nie. Dis werk en leer.

Van die paar inskrywings aan vanjaar se EERC het net twee oorgebly, en daardie kinders gaan volgende maand die Wes-Kaap in Bloemfontein verteenwoordig.

Weens ’n misverstand wat nie aangespreek is nie, was die punte vir die werkboeke ongelukkig laer as wat dit werd was, en dit bly staan tot by die eindrondte. Die punte vir die restourasie en die mondelinge aanbieding was baie goed, maar daarop kan nog verbeter word. Feit bly bestaan dat die Wes-Kapenaars eintlik met ’n agterstand in die Vrystaat gaan opdaag. Maar dis al wat negatief is aan die hele projek.

Maar Ruben en Vincent Oosthuizen en Dewald Buitendag is positief oor hul deelname, want hulle is gedryf deur bewaring en die leergeleentheid wat die kompetisie bied, en nie die moontlikheid van prysgeld nie.

Hierdie drie seuns, onder leiding van mentor Dr. Dürr Bezuidenhout, die Oosthuizen seuns se oupa (’n Wes-Kaapse klublid), doen iets wat seker nog nooit tevore in Suid-Afrika aangepak is nie — hulle haal ’n kompakte Gutbrod enjin ten aanskoue van die besoekers aan ’n skou uitmekaar en monteer dit weer. Op die Wes-Kaapse skou op Hartenbos het hulle dit twee keer gedoen, en elke keer het die enjin dadelik gevat!! In Bloemfontein gaan hulle die oefening herhaal!









1. Vincent en Ruben by hul Gutbrod.
2. Dewald by sy Kubota.
3. Die driemenskap aan die werk op Oudtshoorn.
4. Die grootkoppe en die drie groot werkers bymekaar.

https://youtu.be/QfCdt3q6fMg ’n Klein kykie in die werkery op Oudtshoorn

As jy nog nooit in jou lewe van die enigmatiese

LITTLE OAK

trekker gehoor het nie, sal jy verskoon word.



Kraglewering: so 25—45 pk.



Aandrywing: rat en ketting



Elke skaar het ’n breekboutjie.



As jy daarop uit is om te weet hoe die vreemdste trekker op aarde ontwerp is, moet hy hier lees. Op ’n afstand lyk die Little Oak standaard, maar...

Die enjin sit dwars tussen die agterwiele, terwyl die vier silinders twee-twee in die enjinblok gegiet is. Die dwars enjin maak die gebruik van ’n slinger problematies, daarom moet ’n hefboom langs die bestuurder flink getrek word om die enjin aan die gang te kry. Die bestuurder trek die hefboom, hou dit vir so 30 sekondes stewig vas vir die kompressie om te sak (om “backfire” te verhoed) en pluk dan weer. Drie of vier flinke plukke, en daar loop die enjin. Die trekker het ook twee vergassers, die een vir die petrol waarop die enjin aan die gang gekry word, en as dit op paraffien oorgeskakel word, word die ander vergasser gebruik.

En as die twee heeltemal verskillende vergassers nie genoeg is nie, het die tweegangratkas twee hefbome ook; ’n eie vir elke rat vorentoe (3 en 6 k.p.u.). Hoe die trurat gekoppel word, is nie bekend nie.

’n Advertensie vir die trekker spog dat verstellings aan die enjin sommer maklik uit die bestuurdersitplek gedoen kan word — die bestuurder sit dan gerieflik naby alles bo-op die kragbron.

En net so vreemd soos die ontwerp is, is die geskiedenis van die enigste Little Oak van die minder as 100 wat tussen 1913 en 1920 sporadies, deur verskillende firmas en op verskillende plekke in die deelstaat Minnesota in die VSA vervaardig is. Dié trekker het sy oorlewing te danke aan die feit dat dit nuut gekoop is, toe gebruik is om ’n paar honderd hektaar te ploeg, en toe dit breek, is dit net daar in die land gelos. En daar het dit vir 50 jaar gestaan voordat mense weer daarin belanggestel en dit gerestoureer het.

https://youtu.be/Fcv9Lv2qGg4

NUUSBROKKIES



SUID-KAPENAARS SLAAP IN DIE NAG
Nog in dieselfde maand wat die Suid-Kapenaars die Wes-Kaapse skou op Hartenbos aangebied het, doen hulle al weer hul ding op die George Landbouskou. En wen nogal 'n prys met hul uitstalling ook!





BRUIDSTREKKER op HERMANUS

Toe Denis Usher, een van die Wes-Kaapse se voormanne, sy dogter kleindag op sy Farmall Cub leer bestuur het, het hy seker nooit kon dink dat die einste kind nog op die einste trekker haar bruidegom na hul troue sou aankarwei nie.



Raak deel van die pret.
Om deel te wees van 'n wêreldrekordpoging, kan vir dieselfde opwinding en herinneringe sorg as wanneer jou span die Rugby Wêreldbeker wen.

Stel jy belang?
Skakel met organiseerder:
Jamie Klem 072 462 2216



Onse Andy Selfe, die Wes-Kaap se eie Dr. James Walton

Dr. James Walton was ’n Britse akademikus wat in Suid-Afrika afgetree het en toe ’n boek oor ons land se watermeule geskryf het. Daardie boek ken Andy seker vandag al uit sy kop uit. Maar Andy het nie net kennis nie; sy handvaardigheid en bereidwilligheid om sy kop en sy hande te gebruik, dwing ook bewondering af.

Ons lede weet teen hierdie tyd dat Andy Selfe, ons belangrike beoordelaar van stilstaande enjins, by die herbou van Mostert se Meul in Mowbray betrokke is. Dis die meul wat binne ‘n dag nadat Andy-hulle die laaste deel van opgradering klaargemaak het, tot in die grond afgebrand het. Daardie werk gaan natuurlik voort, maar Andy is ook by ander meule betrokke. As sy politiek reg was, was hy teen hierdie tyd seker al Suid-Afrika se Minister van Meule, maar net met ‘n beter sukseskoers as daardie minister wat ons elke paar uur vir ‘n paar uur in die duisternis dompel.

Kyk net hoe lyk Andy se portefeulje:



Hy het jare gelede ‘n meul van oor die twee eue oud op **Kompagnesdrift (Botrivier)** gerestoureer en daar maal hy so een keer per maand. Dan lyk hy so deftig in sy wit oorpak dat mens hom skaars herken.

By die meul by **La Motte** (**Franschhoek**) doen hy opgradering en probleem-oplossing en moet hy meulenaars oplei. En moet hy nog ‘n splinternuwe Oostenrykse meultjie aan die gang kry ook.

Die nuwe meul by **La Cotte (Franschhoek)** is feitlik klaar. Daar het hy ‘n koppelaar (“clutch”) geprakseer sodat die wiel kan draai sonder dat die meulstene ook draai. Maar as die meul moet maal, is dit Andy wat daarvoor sorg. Net buite La Cotte se hek bou hy ‘n waterwiel wat met elektrisiteit sal draai.

By **Soetmelksvlei (Simondium)** moet hy net die werk klaarmaak en meulenaars oplei en dalk nog groepe besoekers inlig ook.



Karnmelksrivier/Boskloof (naby Van Brakel Stoor, Caledon) se meul is oorspronklik deur eers ‘n stoomenjin en later ‘n trekker aangedryf en daar moet Andy ‘n trekker met ‘n “poelie” leen en ook mense oplei om die meul te bedryf.

Die jongste moontlike projek is op die plaas **Drayton (Caledon)** wat aan familie van PG Viljoen behoort. Hierdie spreekwoordelike wiel moet nog begin draai, maar draai sal hy draai. Hou maar dop.

https://youtu.be/QOn6HabPpcg

Persoonlik



Gerick in die Chev van sy oupa.



Gerick Vercuiel, die lid wat vir amper 20 jaar die voorsitter van die suksesvolle Piket Klub was, was vroeër vanjaar baie siek. Hy was drie keer in die hospitaal, en op 'n tyd is vir sy lewe gevrees. Maar die Liewe Vader was goed vir hom en sy mense. Hy het sy rystoel en sy "4X4" laat staan en sy kierie opgeneem en is amper weer pure perd. Die nuwe eienaar het die 1933 Chev van sy oupa kom wys.

BEPLANNING & ADMINISTRASIE

SEPTEMBER

23/24: Grootvlei Boeremusiekfees op Oudtshoorn
[insluitend 'n pretrit vanaf George na Oudtshoorn]

29/30: Olifantsrisier wy Jan Burger se museum in en hou pretrit die Saterdag

OKTOBER

13-15: David Brown – wêreldrekordpoging by Montagu

21: Suid-Kaap se Pretdag by Seashells, Hartenbos

NOVEMBER

4: Tafelberg betrokke by Gemeenskapsmark op Stellenbosch

17–19: Tafelberg se gesinskamp en jaar afsluiting

25/26: Swartland se Oesdag:

DESEMBER

1 tot 3: Bredasdorp se gesinsnaweek.

28/29: Suid-Kaap se jaarlikse Hartenbos-pretrit

Banksake, ledegeld en kommunikasie:

Tesourier Janice Rheeder sukkel om almal se ledegeld in te samel.

Help haar, kleinklubs/onafhanklike lede! Sy werk voltyds en die klub moet nie haar taak bemoeilik nie.

Die maklikste deesdae om te betaal: **EFT**.

Maak asseblief net seker dat jy die tesourier verwittig.

Standard Bank, Paarl – 051 001
Die Wes-Kaapse Veteraan-trekker-en-enjinklub · 310 370 809

Hou jy getrou jou kommunikasiebesonderhede op datum?

- Voorsitter: Johannes Uys: 082 552 5491; johannes@mme.co.za
- Tesourier: Janice: 083 441 9257; weskaapveteraanklub@gmail.com
- Sekretaris: Kobus Kuyler: 082 334 5665; kkuyler@pnp.co.za